# Geskiedenis

## Die Trans Atlantiese Slawehandel

## Graad 7 – Kwartaal 2

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# Eenheid 13: Inleiding tot Wes-Afrika en die slawehandel p. 85


## Wat was die Atlantiese Slawehandel? p.85 - 86

- Agtergrondkennis:
  - “Trans” beteken “oor”, m.a.w. die slawe is vanaf Afrika OOR die Atlantiese Oseaan met skepe vervoer.
  - Die Atlantiese slawehandel het in omtrent 1502 begin en het voortgegaan selfs nadat Brittanje dit in 1808 onwettig verklaar het.
  - Geskiedkundiges het bereken dat gedurende hierdie tyd omtrent 11 miljoen Afrika-mense as slawe in die Amerikas (Noordelike- en Suidelike kontinent) verkoop was.
  - Slawehandel het nie net tussen Afrika en die Amerikas plaasgevind nie, maar het oor die eeue heen in alle dele van die wêreld gebeur.
- Die Atlantiese Slawehandel dui op die grootste slawehandel wat in die daardie tyd plaasgevind het.

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# 17de eeuse slawehandel






Laerskool Mikro Kopiereg ©




LAERSKOOL MIKRO

# Hierdie kaart toon: p.86

- Dele van Wes-Afrika vanwaar meeste van die slawe gekom het.
- Plekke in die Amerikas waarna meeste slawe geneem is.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Slawerny in Wes-Afrika voor die Europeërs p.86 – 88

- Gedurende die 15de eeu (1400’s) het sterk Afrika koninkryke met mekaar handel gedryf.
- Groot Songhai handelstede soos Timboektoe en Djenné het oor die Sahara-woestyn met stede soos Kaïro in Egipte handel gedryf.
- Handelsitems sluit in: Sout, goud, tropiese produkte en ook slawe.

**Bron A**

Volgens die historikus David Brion Davis, was daar baie verskillende **etniese*** groepe wat in die gebied vanwaar die slawe geneem is, gebly het. Die gemeenskappe was nie verenig nie. Baie oorloë het tussen die verskillende groepe plaasgevind. Dikwels is daar gedurende hierdie oorloë gevangenes geneem. Die gevangenes is as slawe verkoop. ’n Slaaf is iemand wat deur ’n ander persoon besit word. Hulle is soos voorwerpe. Hulle het geen regte nie. Hulle het geen vryheid nie. Hulle kan nie kies hoe hulle hul lewens wil leef nie.

In Wes-Afrika, anders as in Europa, kon niemand grond besit nie. Afrika-mense het dus baie slawe en vrouens gehad om te wys hoe ryk en magtig hulle was. Sommige van hierdie slawe moes op die landerye werk, ander het as regeringsamptenare, soldate en selfs koninklike raadgewers gedien. Dié wat nie so gelukkig was nie, het in myne gewerk of is as deel van godsdienstige seremonies doodgemaak.

***Etnies:*** Mense wat ’taal, godsdiens, kultuur, ras of nasie deel wat hulle anders maak as ander mense.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 13.1: Waar of Vals p.88

LAERSKOOL MIKRO

Bestudeer Bron A aandag en identifiseer watter van die volgende stellings waar of vals is. Gee in elke geval 'n rede vir jou antwoord.

a) Wes-Afrikamense het hul welvaart en mag gewys deur baie grond te besit.
b) Sommige Afrika-slawe is baie goed behandel en het belangrike werk gehad.
c) Sommige Afrika-slawe het 'n baie moeilike werk gehad.
d) Dit was net Nie-Afrikamense wat by slawehandel (as kopers en verkopers) betrokke was.

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# Slawerny in die Suide van Amerika

## Plantasies: Tabak, rys, suikerriet en katoen p.88 - 89

- Agtergrondkennis:
  - Die reuse plantasies (plase) in die suide van die vroeë Vereenigde State van Amerika (VSA) het tabak, rys, suikerriet en katoen op groot skaal produseer om uit te voer – veral na Europa, maar ook die noordelike state van die VSA.
  - Die aanvraag na hierdie produkte was hoog, daarom, om aan die vraag te voldoen, moes daar ‘n groot werksmag wees om hierdie plantasies te kon bewerk.
  - Slawerny het dus die oplossing tot hierdie probleem gebied.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**Bron B**





Kaart wat areas waar plantasie-slawerny in die suide van Amerika teen 1800 beoefen is, toon.

Die skadugedeelte op hierdie moderne kaart toon die suidelike state waar plantasie-slawerny beoefen is.

Die hoofletters in elke staat gee 'n idee van belangrike plantasiegewasse wat in hulle gekweek is.

Die letters staan vir K: katoen, S: suikerriet, R: rys en T: tabak. Jy behoort elke keer wat 'n staat genoem word, na die kaart te verwys.

Plantasies is groot plase wat daarop konsentreer om 'n enkele gewas te kweek. Tabak, katoen, suiker en rys is op die plantasies in die Amerikaanse Suide gekweek.




Die 'Cotton Gin'

Tot omtrent 1800, was die algemeenste gewasse wat op plantasies in die Amerikaanse Suide gekweek is, tabak en rys.

Daarna is suikerrietplantasies in baie state soos Louisiana opgerig.

Katoen is ook in die Amerikaanse Suide geproduseer. Eers was dit moeilik om groot hoeveelhede katoen, van die tipe katoenplant wat goed in die suide groei, te produseer.

Dit het in 1794 verander toe Eli Whitney 'n masjien uitgevind het wat die Cotton Gin genoem is. Hierdie pluismeul het dit baie makliker gemaak om die katoenvesels van die harde saad in die middel, wat die pit genoem word, te skei. Koningskatoen soos dit algemeen genoem is, het gou Amerika se grootste **uitvoerproduk*** geword en meer as een miljoen ton per jaar is na die **tekstiel***-meules in Engeland gestuur.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 13.2: Plantasies in die Amerikaanse Suide p.89

Bestudeer Bron B en identifiseer ten minste twee state wat elk van die volgende gewasse geproduseer het:

a) Katoen

b) Suikerriet

c) Rys

d) Tabak

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Redes vir die gebruik van slawe-arbeid p.90

- Baie arbeiders (werkers) word benodig om die reuse plantasies te bewerk, aangesien daar in die 17de eeu (1600's) nog nie masjiene was om die werk te doen nie.
- Enkele masjiene wat bestaan het moes met die hand gevoer word. Dit was 'n gevaarlike werk, want sou 'n werker konsentrasie verloor kon sy arms in die masjien se rollers vashaak / gegryp word.
- Daar was nie genoeg Inboorling Amerikaners wat die harde arbeid op die plantasies wou / kon doen nie.
- Namate meer grond met plantasiegewasse aangeplant is, was meer arbeiders nodig.
- Arbeiders moes sterk wees om swaar, fisiese arbeid te verrig.
- Afrika-slawe het plantasie-eienaars van 'n betroubare, goedkoop voorraad werkers voorsien.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe slawe gevange geneem, verkoop en vervoer is vanaf Wes-Afrika p.90

LAERSKOOL MIKRO

- Afrika-slawe was op onmenslike wyse behandel.
- Nadat hulle in Afrika gevang geneem is, moes hulle groot afstande vanaf hul tuistes na die kus marsjeer (Bron C).
- Hulle is in rye aan mekaar vasgeketting om te verseker niemand ontsnap nie (Bron D).
- By die kus moes hulle, soms vir maande, in die tronk wag totdat ‘n slaweskip gereed was om hulle oor die Atlantiese oseaan te vervoer.
- Slawe is in die skeepsruim (die laer, binnedeel van die skip waar die goedere/diere wat vervoer moes word, gehou is) aangekeer.
- Hulle is saamgedruk met skaars plek om te beweeg (Bron E/F/G).
- Omstandighede: Donker, smerig (walglik vuil), skrikwekkend, min vars lug en baie min kos om te eet.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Met aankoms in Amerika is hulle by veilings verkoop en dan geneem om op plantasies te gaan werk (Bron H).
- Hulle het geweet dat hulle nooit weer hul families of tuistes sou sien nie.
- Hulle het geen keuses gehad oor wanneer, hoe, waar of by wie hulle kon werk of gaan bly nie.







Laerskool Mikro Kopiereg ©


## Bron C: 'n Storie van gevangeneming

Dié is 'n storie oor 'n seun wat in 1745 gebore is en in Wes-Afrika gewoon het. Hy was die jongste van sewe kinders. Die lewe was vreedsaam in sy dorpie, maar een ding wat almal gevrees het, was om ontvoer te word en in slawerny geneem te word. Sy naam was Olaudah Equiano en hy het dit in 1789 geskryf:

'Een dag toe al ons mense uit was na hulle werk soos gewoonlik, en net ek en my liewe suster gelaat is om die huis op te pas, het twee mans en 'n vrou oor ons mure geklim, en ons albei binne 'n oomblik gegryp; en, sonder om ons tyd te gee om uit te roep,...het hulle... met ons weggehardloop na die naaste woud. Hier het hulle ons hande vasgebind en ons aanhou wegdra so ver as wat hulle kon...

Die volgende dag was nog hartseerder, ...want my suster en ek is toe geskei...dit was tevergeefs dat ons hulle gesmeek het om ons nie te skei nie; sy is van my weggeskeur, en onmiddellik weggedra, terwyl ek in 'n toestand van verbystering wat nie beskryf kan word nie, gelaat is.'

Vertaal uit The Interesting Narrative...deur Olaudah Equiano, 1789




THE
INTERESTING NARRATIVE
OF
THE LIFE
OF
OLAUDAH EQUIANO,
OR
GUSTAVUS VASSA,
THE AFRICAN.
WRITTEN BY HIMSELF.

VOL I.

*Behold, God is my salvation; I will trust and not be afraid, for the Lord Jehovah is my strength and my song; he also is become my salvation.*
*And in that day shall ye say, Praise the Lord, call upon his name, declare his doings among the people,* Isaiah xii. 2, 4.

SECOND EDITION.

LONDON:
Printed and sold for the AUTHOR, by T. WILKINS, No. 23, Aldermanbury;
Sold also by Mr. Johnson, St. Paul's Church-Yard; Mr. Buckland, Paternoster-Row; Messrs. Robson and Clark, Bond-Street; Mr. Davis, opposite Gray's-Inn, Holborn; Mr. Matthews, Strand; Mr Stockdale, Piccadilly; Mr. Richardson, Royal Exchange; Mr. Kearsley, Fleet-Street; and the Booksellers in Oxford and Cambridge.
[Entered at Stationers-hall.]
1789.

LAERSKOOL MIKRO

- Equino het as 'n slaaf in Wes-Indië, Amerika en Engeland gewerk.
- Hy het op skepe gewerk en klein items verhandel.
- Hy het genoeg geld gespaar om sy vryheid te koop.
- Hy het na Engeland teruggekeer, as 'n vry persoon, en by die anti-slawernybeweging aangesluit.
- Op sy reise het hy geleer lees en skryf.
- Hy het in Engeland rondgereis en oor die boosaardighede van slawerny gepraat.


Laerskool Mikro Kopiereg ©




**Bron D: Lang tog na die kus**


- Hierdie prent toon ’n groep slawe nadat hulle gevange geneem is.
- Hulle moes lang afstande marsjeer na die skepe toe waarin hulle oor die Atlantiese Oseaan na Amerika vervoer sou word.
- Daar is ’n swaar stuk hout, omtrent vyf voet lank, gevurk aan een punt, oor hul skouers.
- Die vurk pas om elke slaaf se nek.
- Dit is met groot yster knippe styfgespan.
- As een slaaf probeer weghardloop, sou hy nie kon nie, omdat hy aan die ander slawe vasgebind was.

Laerskool Mikro Kopiereg ©



LAERSKOOL MIKRO

Laerskool Mikro Kopiereg ©








Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Bron E: Op die skip oor na Amerika




Jean Boudriot, Traite et Navire Negrier l'Aurore,
(Paris: 1784), p. 87


'n Kunstenaar se rekonstruksie van die lepel-posisie waarin slawe aangehou is in die ruim van die Franse slaweskip.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**Bron F: Die slaweskip, Brookes**


- Hierdie bron toon die deel van die slaweskip, Brookes, waarin die slawe gehou is.
- Hierdie skip het in en uit die hawe van Liverpool in Brittanje geseil.
- Hierdie diagram is geteken deur ’n vereniging wat die slawehandel wou stopsit.
- Baie kopieë is gemaak en dit is selfs aan lede van die Britse parlement gewys om aan te toon hoe wreed die slawehandel was. Die tekening is in 1788 geproduseer, 19 jaar voor Brittanje die slawehandel verban het.
- Onder ’n nuwe wet wat in 1788 aanvaar is, is die Brookes gelisensieer, of volgens wet toegelaat om 454 slawe, soos hier aangetoon, te dra.
- Gedurende ’n seevaart in 1782, het die skip egter 609 Afrika-slawe gedra.

- Daar was 351 mans, 127 vrouens, 90 seuns en 41 meisies op hierdie reis.
- Die boonste diagram toon die laer deel van die skip met die slawe ingepak.
- Onderste diagram toon die rak wat om die laer deel van die dek loop waarop nog 160 slawe ingedruk kon word.




Laerskool Mikro Kopiereg ©


LAERSKOOL MIKRO












Laerskool Mikro Kopiereg ©

**Bron G: Aan boord die skip**

- Isaac Cruikshank was ’n welbekende spotprenttekenaar in Engeland in die 1700’s.
- Hy is betaal om spotprente van aktuele (tyd waarin iets plaasvind) sake te teken.
- Dit is ’n prent van ’n jong meisie wat geslaan is, toe opgehang is, weer geslaan is en later dood aan boord die skip is. Sy is gestraf omdat sy nie wou eet nie.
- Die kaptein van die skip, John Kimber, moes in Brittanje verhoor word.
- Na bewering het die twee getuies vir die vervolging, die skip se dokter en een van die matrose, egter met Kimber geargumenteer en so ’n grief (kwaadgevoel en wil iemand terug kry) teen hom gehad.
- Om hierdie rede het die jurie Kimber nie skuldig bevind nie.





Laerskool Mikro Kopiereg ©




Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO






**Bron H: Slaweveiling**


- Dié is ’n prent uit die boek, Henry Bibb, Narrative of the life and adventures of Henry Bibb, an American slave, geskryf deur Bibb self.
- Volgens Bibb, toon dit die verkoop van slawe wat aan ’n Metodiste predikant, mnr. Young behoort het.
- Hy kon hulle nie meer aanhou nie, want hy was diep in die skuld.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO




(Henry Bibb verskyn nie self in hierdie prent nie.)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 13.3: Hoe is slawe gevang, van Afrika af vervoer en verkoop? p.94 - 95

Lees die onderskeie vrae aandagtig deur, bestudeer die gepaste bronne en skryf jou antwoord so volledig as moontlik neer.

1. Bestudeer bron C:

   Waar is Olaudah Equino en sy suster gevang? [1]

2. Equiano se storie is ‘n primêre bewys. Dit beteken dat hy daar was toe dit gebeur het.

   Is die inligting hieroor meer geloofwaardig?

   Verduidelik hoekom jy so sê. [2]

3. Bestudeer Bron D:

   Waarom was dit byna onmoontlik vir slawe wat gevang is om weg te hardloop wanneer hulle na die skepe geneem is?

   Gee twee redes vir jou antwoord. [2]

Laerskool Mikro Kopiereg ©

4. Is vroue en kinders enigsins anders as mans op die tog na die kus behandel? Verduidelik jou antwoord deur na bewyse in die prent te soek. [1]

5. Bestudeer Bron E:

   Hoe laat hierdie prent ons die verskriklike toestande aan boord die skepe gedurende die seevaart oor die Atlantiese Oseaan verstaan? (Dink aan higiëne, ongemak en vernedering) [2]

6. Bestudeer Bron F:

   a) Hoeveel slawe was die Brookes gelisensieer om te dra? [1]

   b) Hoeveel slawe het hy op sy 1782 seevaart gedra? [1]

   c) Wat was die doel van hierdie diagram? [1]

   d) Waarom kon die doel van die diagram dit minder betroubaar gemaak het? [1]

Laerskool Mikro Kopiereg ©

7. Bestudeer Bron G:

a) Gee een rede, waaraan jy kan dink, waarom die meisie nie wou eet nie? [1]

b) Isaac Cruikshank, spotprenttekenaar, het **nie** slawehandel ondersteun **nie**. Verduidelik hoe die tekening dit wys. [2]

8. Bestudeer Bron H:

a) Aan watter groep mense in die tekening se kant was Bibb? Slawe of Eienaar/Verkoper/Koper [1]

b) Hoe wys hy dit in die prent? [1]

c) Waarom dink jy was Bibb aan daardie kant? [1]

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# Slawemarkte

p.95

- Slawe is as besittings beskou – soortgelyk aan beeste / skape / meubels.
- Gevolglik kon hulle op dieselfde manier as vee en meubels gekoop en verkoop word.
- Die gewone manier om slawe te koop / verkoop was deur veilings.
- Dit beteken dat die perso0n wat gewillig was om die hoogste prys te betaal, die slaaf se nuwe eienaar sou word.
- Slawe se familielede is dikwels afsonderlik (aan verskillende mense) verkoop.
- Slawe gesinne is dikwels vir altyd van mekaar geskei.







Wat met die grondstowwe plaasgevind het wat deur slawe geproduseer is:

(Slawe - driehoek / Driehoekige handel)

p.97

## Slawe-driehoek




- 1. Europa na Wes-Afrika:

  Skepe verlaat Brittanje gevul met goedere (gewere / materiaal / krale / yster / alkohol)

- 2. Wes-Afrika na Amerikas:

  Aan Wes-Afrika kus word hierdie goedere vir Afrika-slawe verruil.

- 3. Amerika na Europa:

  Slawe word vir katoen / tabak / suiker verruil. Hierdie grondstowwe word teruggeneem na Brittanje en verruil vir goedere soos gewere / materiaal / krale / yster / alkohol.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 13.5: Die Trans Atlantiese Slawehandel

p.97




Bestudeer die meegaande kaart en beantwoord die vrae:

1a) Hoekom het hierdie handel as die Trans-Atlantiese Slawehandel bekend gestaan?

1b) Hoekom het hierdie handel as die Slawe-driehoek bekend gestaan?


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Getalle van slawe wat na Amerika geneem is

p.98



**Figuur 1**
Sirkelgrafiek wat slawe-uitvoere na Amerika gedurende die verskillende tydperke toon. Die totale aantal slawe wat na Amerika toe uitgevoer is, word as 11 313 000 gegee.




Geskiedkundiges wou uitvind hoeveel slawe gedurende die 16de to 19de eeu van Afrika na Amerika vervoer is. Hierdie getalle is so na as wat geskiedkundiges kan kom.

**Tabel 1: Die syfers wat vir die aantal slawe wat Afrika-hawens verlaat het, gegee word**

Hierdie syfers is geneem van die W. E. B. Du Bois se databasis van slawevaarte. Du Bois (1868-1963) is 'n welbekende Afrika-geskiedkundige, skrywer en sosiale leier wat in Ghana gebore is en toe in Amerika gebly het.

| | | |
|---|---|---|
| Senegambië (insluitend Arguin), Sierra Leone | = | 2 000 000 |
| Windward-Kus | = | 250 000 |
| Kongo/Angola | = | 3 000 000 |
| Kameroen/Gaboen | = | 250 000 |
| Ivoorkus | = | 250 000 |
| Mosambiek/Madagaskar | = | 1 000 000 |
| Slawekus (Dahomi, Adra, Oyo) | = | 2 000 000 |
| Loango | = | 750 000 |
| Benin tot Calabar | = | 2 000 000 |
| Goudkus (Ashanti) | = | 1 500 000 |
| totaal | = | 13 000 000 |

# Aktiwiteit 13.6: Statistiek as bewys

## p.98 - 99

Bestudeer die sirkelgrafiek en tabel in die vorige skyfie en beantwoord die vrae wat volg:

1) Bestudeer die sirkelgrafiek. In watter eeu, volgens die grafiek, het die Atlantiese slawerny begin?
2) Watter woord wat in die tabel gebruik word, wys vir ons dat slawe as goedere, nie mense nie, beskou is?
3) Gedurende watter 100 jaar, of eeu, het die Atlantiese slawerny sy piek (hoogtepunt) bereik?
4) Rangskik die inligting in Tabel 1 in 'n tabel met die land waarvandaan die meeste aantal slawe afkomstig was, bo-aan en die land(e), met die kleinste aantal onderaan die tabel.
5) Watter hedendaagse lande het, gebaseer op jou tabel, die meeste mense verloor?
6) Van waar is hierdie statistieke, of getalle, in Tabel 1 afkomstig? Kan ons aanneem dat die getalle hier aangetoon, akkuraat is? Verduidelik.

Laerskool Mikro Kopiereg ©